

Aartappels as alternatiewe gewasverbouing weer ondersoek

Div Bosman, Senior Landboukundige,
Omnia Nutrilogie

Met die huidige situasie in die graanbedryf word aartappels weer 'n gewas wat as 'n alternatief in gewasverbouing oorweeg word. Die opsie moet goed oorweeg word aangesien die risiko in die aartap-

pelbedryf redelik hoog is. Daar is verskeie faktore wat 'n rol in die winsgewende produksie van aartappels speel. In hierdie artikel val die klem op slegs een van die belangrikste aspekte naamlik plantmateriaal.

As aartappels nie 'n permanente deel van die gewasproduksieproses is nie, is een van die grootste risiko's in die bedryf die kwaliteit en plantgereedheid van moere.

Kwaliteit

Die kwaliteit van moere wat geplant word is uiters belangrik. Die risiko van veral virusbesmetting van moere waarvan die bron nie bekend is nie en dus nie gesertifiseer is nie, kan groot verliese in opbrengs meebring wat die produksie as gevolg van relatief hoë insetkoste maklik in 'n verliesnagmerrie kan verander.

Indien moere waarvan die oorsprong nie bekend is nie geplant word, kan erosiesiektes soos bruinskurf en erwinia tot verlaginge in opbrengs van soveel as 60% lei wat die produksie van aartappels groot verliese kan laat ly.

Indien die beplanning om aartappels te plant nie reeds die voorafgaande seisoen gedoen is nie, kan die verkryging

van moere wat aan die vereistes voldoen 'n groot probleem word.

Moerprodusente reageer gewoonlik op bestellings wat die vorige jaar geplaas word om die regte hoeveelheid moere vir die volgende jaar te produseer. Op dié manier word daar dan moere van enige bron verkry wat op daardie stadium beskikbaar is. Dit is wel so dat daar soms kanselliasie is en dat goeie moere wel op dié manier bekom kan word, maar dit is die uitsondering en nie die reël nie.

Plantgereedheid van moere

Die plantgereedheid van moere is 'n onderwerp wat nog groter probleme as die bogenoemde verskaf. Aangesien moere in Suid-Afrika dwarsdeur die jaar geproduseer word is moere wel van tyd tot tyd op 'n kort kennisgewing beskikbaar. Die grootste enkele probleem met die moere indien hulle wel aan die kwaliteit voldoen



Plantgereedheid van moere speel waarskynlik die belangrikste rol in opbrengs.



'n Vergelyking van die plantestand van 'n aanplanting met moere wat plantgereed was teenoor 'n aanplanting wat nie plantgereed was nie.

Die beste resep vir sukses en dus wins in die bedryf is om vroegtydig die gewas as deel van wisselbou in jou pakket in te sluit, moere vroegtydig te bestel en die regte periodes te laat lê voordat dit geplant word.

is hulle plantgereedheid.

Die plantgereedheid van moere is verantwoordelik vir minstens 50% van die potensiële opbrengs en sekere navorsers beweer dat 80% van die potensiële opbrengs van die plantgereedheid van moere afhang. Die rede vir die ernstige besorgheid oor plantgereedheid het te doen met die apikale dominansie van

die moere, oftewel die rusperiode van die moere om dominansie te breek. Verskillende kultivars het ook korter en langer tye nodig voordat dominansie gebreek word. Hoe goed die dominansie gebreek word, word weer- spieël in die aantal halms wat per moer verkry word.

Hoe varser die moere hoe minder halms word gevorm wat 'n direkte nadelige effek op opbrengs het. Indien die regte periode van rus en moontlik ook opberging in koelgeriewe gevolg is, kan die grootste moontlike hoeveelheid halms per moer verkry word, wat weer 'n direkte gevolg het op hoër opbrengsvermoë.

Ou moere

Moere kan ook te oud wees wat ook weer 'n nadelige effek op halms

en dus opbrengs het. Vir hierdie rede is dit noodsaaklik dat die produsent op hoogte moet wees van wat die betrokke kultivar se behoefte vir die ophefing van die apikale dominansie is.

Daar word in baie gevalle van hormone gebruik gemaak om die dominansie vinniger te breek en dus die moere "forseer" om gouer plantgereed te wees. Daar is gevalle veral waar die rusperiode kort is met ander woorde 60 tot 70 dae nadat die moere uitgehaal is om dit tien dae vinniger te kan plant. Hoe langer die rusperiode hoe gevaarliker is die gebruik van stimulant. 'n Swak halm met swak opbrengsvermoë word dan meer as een keer geproduseer. Waar 'n oordosis gegee word, word daar soveel halms geproduseer dat dit lyk soos 'n

mieliekop wat begrawe is en n tros opslag verkry word. In sulke gevalle word geen aartappels op enige van die halms gedra nie.

Die beste resep vir sukses en dus wins in die bedryf is om vroegtydig die gewas as deel van wisselbou in jou pakket in te sluit, moere vroegtydig te bestel en die regte periodes te laat lê voordat dit geplant word.

Om vanweë ander faktore vinnig en onbeplan in die bedryf in te klim is 'n resep om dalk nog meer geld te verloor as die bedryfsvertakkings wat aan produsente bekend is. Waak daarteen om vinnig 'n ander roete te volg. Indien aartappels 'n oorweging is, begin nou al beplan vir die volgende seisoen.

